**SAAMPRAATPAPIER** **18 JUNIE 2017**

**DIE ROL VAN VOLWASSENES IN KINDERS SE LEWENS**

1. **LEES Deuteronomium 11: 1-4, 8-9 en 18-21**
2. **BESPREEK:** Wat in hierdie teks spreek jou aan/ staan vir jou uit?
3. **PRAAT SAAM:** Beleef jy dat Christenouers van vandag nog uitvoering aan vers 19 se inhoud gee?
4. **STEM JULLE SAAM** met die volgende stelling wat deur Abraham Lincoln gemaak is? "Daar is net een manier om jou kinders te leer om in Christus se voetspore te loop en dit is om dit self te doen."
5. **BESPREEK:** Leef Christene nog op so 'n manier dat kinders kan sien dat **God, geloof en kerk** belangrik is?
6. **PRAAT SAAM:** Leef Christene nog op so 'n manier dat kinders kan sien hoe hulle **ander mense** volgens God se beginsels moet hanteer?
7. **BESPREEK:** Leef Christene nog op so 'n manier dat kinders kan sien hoe **geld en besittings** volgens God se beginsels hanteer moet word? Hoe hulle as **rentmeesters** moet optree?
8. Is daar in vandag se tyd nog mense wat goeie rolmodelle vir kinders is? **NOEM vir mekaar** mense wat jy dink 'n goeie rolmodel is, bv Akteurs, sangers, onderwysers, ouers wat jy ken, ens.
9. **STEM JULLE SAAM** met die volgende stellings? *"Vyftig jaar van nou af sal dit nie saak maak met watter soort motor jy gery het, waar jy gewoon het, watter 'brand' klere jy gedra of hoe groot jou bankbalans was nie. Maar die wêreld sal 'n bietjie beter wees as jou lewe 'n kind positief beïnvloed het" EN*
   *"'n Mens se waarde hang nie af van jou salaris of status of kwalifikasies nie, maar of jy aan jou kinders of volgelinge integriteit geleer het deur jou voorbeeld?"*
10. **BID SAAM** vir ons **kinders** (dat hulle selfs ten spyte van 'n gebrek aan rolmodelle die Here sal ken en leef volgens Sy wil) en **vir ouers** wat hul doopbelofte moet nakom (vir wysheid en tyd om dit 'n prioriteitsaak in hul lewens te maak).